

# APARTHEID EN DIE POLITIEKE GRONDVERSKUIWING VAN 1948

J.P. Brits

*Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392,  
Pretoria, 0001*

## Apartheid and the political landslide of 1948

This article examines the effect of the racial question on white politics in the 1940s with special emphasis on the general election of 1948. Whereas the United Party (and its Labour Party ally) were neither inclined nor prepared to make an election issue of the racial question, the Herenigde Nasionale Party as well as its election ally, the Afrikaner Party, deliberately chose it as an election weapon. That, however, does not mean that the racial issue was the real reason why voters returned the HNP to power.

The author concludes that although the racial issue and the apartheid propaganda by the Nationalists were indeed a factor in the election, it was not the predominant one. In the first place, racial tension was most critical in the urban areas; thus, had it been the major determinant in the election, the swing away from the UP would have been far more dramatic in the urban areas. In reality the HNP won because of the inroads it made in the countryside (especially in the Transvaal), because of the advantage gained by the "unloading" of rural constituencies. Secondly, the Afrikaner voters, who were the crucial factor in 1948, did not appear to be perturbed by the "black peril" (despite massive propaganda by the HNP) to the extent that they would have voted HNP solely for that particular reason. A more acceptable explanation is that the HNP was the only party since fusion in 1934 that had represented the cultural, economic and political interests of almost all groups in the ranks of Afrikanerdom. Apartheid formed part of a broader policy designed to fulfil the needs of the Afrikaner.

Die doel van hierdie artikel is om die uitwerking van die rassevraagstuk op die blanke politiek in die veertigerjare te bepaal, met spesiale verwysing na die algemene verkiesing van 1948. Terwyl die Verenigde Party en sy Arbeidersparty-bondgenoot nóg bereid nóg voorbereid was om van die rassevraagstuk 'n verkiesingsaangeleentheid te maak, het die Herenigde Nasionale Party en sy Afrikanerparty-bondgenoot dié vraagstuk doelbewus as verkiesingswapen gekies. Maar dit beteken geensins dat die kiesers vanweë die rassevraagstuk die HNP aan bewind gestel het nie.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die rassevraagstuk en die Nasionale se apartheidpropaganda wel 'n faktor in die verkiesing was, maar nie die oorheersende een nie. Daar is twee redes vir hierdie standpunt. Eerstens was die rasseprobleem eintlik in die stedelike gebiede akuut; as dit dus die deurslaggewende faktor in die verkiesing was, sou die swaai weg van die VP meer dramaties in die stedelike gebiede gewees het. Die HNP het egter gewen omdat dit die plattelandse setels (veral in Transvaal) verower het vanweë die voordeel wat dié party uit die "ontlaai" van plattelandse kiesafdelings getrek het. Tweedens blyk dit dat die Afrikanerkiesers - wat in die 1948-verkiesing die deurslag gegee het - nie so verontrus is deur die "swart gevaar" (ondanks die grootskaalse propaganda deur die HNP) dat hulle bloot om daardie rede vir die HNP sou stem nie. 'n Meer aanvaarbare verklaring is dat die HNP die enigste party was wat sedert samesmelting in 1934 die kulturele, ekonomiese en politieke belange van bykans alle groepe onder die Afrikaners verteenwoordig het. Apartheid het deel gevorm van 'n breër beleid wat aan die behoeftes van die Afrikaner moes voldoen.

## **Agtergrond: die rassevraagstuk en die blanke politiek in die veertigerjare**

Met Uniewording in 1910 is die patroon van rassediskriminasie - 'n verskynsel in

*Historia 38(1), Mei 1993*

Suid-Afrika wat reeds sedert die sewentiende eeu voorgekom het - gekonsolideer. Polities gesproke het swartes, "kleurlinge" en Indiërs slegs in Kaapland gekwalifiseerde stemreg op die algemene kieserslys gehad (enkeles het dit ook in Natal gehad) en die oorgrote meerderheid blanke politici was vasbeslote om nie hierdie reg na ander provinsies uit te brei nie. Rassesegregasie is trouens as algemene beleid deur opeenvolgende regerings deur middel van diskriminerende wetgewing op die politieke, sosiale en ekonomiese terrein bevestig. Generaal J.B.M. Hertzog se wetgewing van 1936 was die mees omvattende statutêre skeidingsmaatreëls tussen 1910 en 1939 en het inderdaad blanke oppergesag verseker.

Daar bestaan min twyfel dat die oorweldigende meerderheid blankes in Suid-Afrika in die veertigerjare blanke oppergesag en segregasie gesteun het.<sup>1</sup> 'n Klein minderheid wat teen rassediskriminasie gekant was en ten gunste van geleidelike gelykstelling van geleentheid vir almal was, het as die liberale bekend gestaan. Binne en buite die politiek het verskeie liberale denkers in individuele hoedanigheid of as lede van liberale drukgroepe aan die debat oor die rassevraagstuk deelgeneem.<sup>2</sup> Binne die politiek was die Naturellevertegenwoordigers as groep die belangrikste eksponente van die liberale mening.<sup>3</sup> Na 1946 het die Arbeidersparty liberaler klousules in sy grondwet ingevoeg, maar omdat die party steeds van die blanke werkers se steun by die stembus afhanklik was, kon dit nie ingrypende hervormings van die rassebeleid openlik propageer nie.<sup>4</sup> Ook die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het 'n aktiewe rol in die nie-blanke politiek en vakbonde gespeel,<sup>5</sup> hoewel sy invloed dikwels deur die Verenigde Party (VP) en die Herenigde Nasionale Party (HNP) buite verhouding opgeblaas is. Die groot probleem vir blanke liberale was dat hulle sonder 'n noemenswaardige politieke magsbasis gesit het en derhalwe in die praktiese politiek min invloed kon uitoefen. Die uitsondering was J.H. Hofmeyr, bekwame en geniale kabinetsminister. Sy dilemma was enersyds dat baie van sy partygenote in die VP hoegenaamd nie sy rassebeskouinge gedeel het nie; andersyds het hy toeneemend gefrustreerd geraak met sy eie party omdat dié nie rassehervormings teen 'n versnelde pas wou aanbring nie.<sup>6</sup>

Met die uitsondering van Hofmeyr, het hoogstens vier VP-parlementslede in die veertigerjare by geleentheid - maar ook nie altyd nie - die liberale saak bevorder.<sup>7</sup> Aan

- 
1. Kyk bv. René de Villiers, 'Afrikaner nationalism', in Monica Wilson & Leonard Thompson (eds.), *The Oxford history of South Africa: II South Africa 1870-1966* (Oxford, 1971), pp. 417-418.
  2. R.F.A. Hoernlé en I.D. MacCrone, twee akademici, was van die invloedrykste liberale denkers en skrywers in die veertigerjare. Ander liberale wat heelwat oor die rassevraagstuk geskryf het, sluit J.D. Rheinallt Jones, Quintin Whyte, C.T. Loram en Edgar Brookes in. Van hulle was ook by die politiek betrokke, terwyl hulle besondere bydraes in liberale organisasies soos die Joint Councils of Europeans and Africans en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge gelewer het.
  3. Phyllis Lewsen (ed.), *Voices of protest: From segregation to apartheid, 1938-1948* (Craighall, 1988), p. 26; F.A. Mouton, *Die politieke loopbaan van Margaret Ballinger* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1990), hoofstuk 3; David Scher, *Donald Molteno: "Dilizintaba - He-who-removes-mountains"* (Johannesburg, 1979), p. 19.
  4. S.A. Arbeidersparty-vers., Alex Hepple, *The South African Labour Party 1908-1958: A memoir* (Typeskript, roneod, Londen, 1984), pp. 338-340.
  5. Edward Roux, *Time longer than rope: A history of the black man's struggle for freedom in South Africa* (Madison, 1964), pp. 333-342, 357-360.
  6. UP Central Head Office, Correspondence C, Johan Coetzee - Louis Esselen, 1-4-1937; Hofmeyr papers, Aa, Hjalmar Reitz - Hofmeyr, 11-7-1945, ook Ga 27, Hofmeyr - H.A. Secretan, 20-7-1947; Ab 1, Hofmeyr's diary, 22-8-1947, 24-3-1948.
  7. B. Friedman, M. Kentridge, J.R.F. Stratford en M. Alexander kan as liberale gereken word. Vgl. Phyllis Lewsen, 'Liberals in politics and administration, 1936-1948', in Jeffrey Butler, Richard Elphick & David Welsh, *Democratic liberalism in South Africa: Its history and prospect* (Middletown, Connecticut, 1987), p. 110; Enid Alexander, *Morris Alexander: A biography* (Cape Town & Johannesburg, 1953), p. x.

die ander kant was daar lede wat oor die rassevraagstuk so konserwatief was dat hulle van mening was dat die VP se rassebeleid op gelykstelling afstuur. Voorbeelde hiervan was J.B. Wolmarans en E.P. Pieterse wat uit die VP bedank en hulle by die NP aangesluit het.<sup>8</sup> Gewone VP-partylede - veral op die platteland - was net so konserwatief as HNP-lede sover dit beleid teenoor swartes aangaan. Beskrywingspunte oor swartes wat deur takke by provinsiale of sirkelkongresse ingedien is, het dit duidelik aangedui. Waar sommige stedelike kiesafdelings meer menswaardige behandeling van swartes bepleit het,<sup>9</sup> het die plattelandse kiesafdelings maatreëls soos die strenger toepassing van die paswette, die verwydering van "swart kolle", en ontmoediging van swart vakbonde voorgestel.<sup>10</sup> Daarby het die meerderheid groot Engelstalige dag- en weekblaaie die rassebeleid van die VP onderskryf; trouens, die mees gelese Engelstalige koerant, die *Sunday Times*, was selfs gekant teen die algehele afskaffing van die kleurskeidslyn en het instromingsbeheer gesteun.<sup>11</sup>

Die VP as party was duidelik begaan oor sy blanke magsbasis. Blanke politieke beheer, die verwerping van gelykstelling en geleidelike ontwikkeling van swartes is herhaaldelik in partystukke beklemtoon en dit was ook die party se amptelike standpunt tydens die verkiesingstryd van 1948.<sup>12</sup> Sy hoofleier, genl. J.C. Smuts, was pragmaties genoeg om te beseft dat hy nie vinniger as die openbare mening moes beweeg nie, ten spyte van die toenemende internasionale vyandigheid jeens die land se rassebeleid.<sup>13</sup>

Die Smuts-regering, hoewel nie liberaal oor die rassevraagstuk nie, was deeglik bewus van die krisis wat industrialisasie meegebring het. Segregasie, so het dit vir die regering begin duidelik word, was na die oorlog nie meer 'n beleid wat aan die eise van die tyd voldoen het nie. Kommissieverslae het die regering geadviseer oor belangrike sake wat swartes geraak het, soos die paswette en swart vakbonde, terwyl die Departement Naturellesake deurlopend aanbevelings oor moontlike hervormings gedoen het.<sup>14</sup> Gedurende die veertigerjare het die regering derhalwe maatreëls aangekondig om die reservate, swart onderwys en maatskaplike dienste op te knap.<sup>15</sup> Maar die pas waarteen beweeg is, was stadig - deels vanweë die tyd,

- 
8. J.L. Basson, *J.G. Strijdom: Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948* (Pretoria, 1980), p. 501; *Die Transvaler*, 18-3-1948 (berig).
  9. Vgl. bv. UP, Natal Provincial Head Office, Congresses (provincial), Provinsiale kongres, 9 en 10-12-1947, Besprekingspunte, p. 8; UP, Transvaal Provincial Head Office, Congresses (provincial), Provinsiale kongres, 21-11-1945, Beskrywingspunte, pp. 28-29; ook 1-3-10-1946, Beskrywingspunte, p. 21.
  10. Vgl. bv. UP, Transvaal Provincial Head Office, Congresses (provincial), Provinsiale kongres, 11-13-10-1944, Beskrywingspunte, p. 21; Congresses/conferences (circle), Beskrywingspunte van Oos-Transvaalse Sirkelkongres, 17-9-1947, pp. 7-8; Noord-Wes-Transvaal, 13-9-1947, p. 7; Suid-Wes-Transvaal, 13-9-1947, p. 6; UP, Cape Provincial Head Office, Congresses, Kaaplandse Provinsiale Kongres, 1946, Beskrywingspunte, p. 28.
  11. Kyk bv. *Sunday Times*, 18-3-1945, 24-2-1946, 27-4-1947; *The Natal Mercury*, 19-3-1945, *The Cape Argus*, 12-5-1947; *Cape Times*, 17-2-1943 en 15-3-1945.
  12. *Program van beginsels, konstitusie en nominasie regulasies van die Verenigde Party ... 5 Des. 1934 ... gewysig 3 Des. 1937 en 6 Des. 1944* (Pretoria, 1946), p. 3; Smuts-vers., Band 273, Memorandum "South Africa and the governance of natives and coloured races" [1947]; UP, Central Head Office, Circulars, vol. 2, General election: Party letter no. 3, "Talking points for speakers during party week", p. 8.
  13. Volksraadsdebatte, DI. 52, kol. 4060; Bernard Friedman, *Smuts: A reappraisal* (Johannesburg, 1975), p. 167.
  14. T.R.H. Davenport, 'The Smuts government and the Africans, 1939-48', London University, Institute of Commonwealth Studies, Collected Seminar Papers, 5, 1974, pp. 82, 84; Lewsen, 'Liberals', pp. 113-114; Peter Walshe, *The rise of African nationalism in South Africa* (Craighall, 1987), pp. 269-270; Hofmeyr papers, Db, Representation of natives in parliament, 'Summary of recommendations' [1946].
  15. Edward Roux, 'Land and agriculture in the native reserves', in Ellen Hellmann (ed.), *Handbook on race relations in South Africa* (Kaapstad 1949), p. 188; Walshe, *The rise of African nationalism*, pp. 315-318.

fondse en energie wat die oorlog geëis het.

Waarskynlik die verreikendste stap wat tot op daardie tydstip gedoen is om die rassevraagstuk aan te spreek, was die aanstelling van die Natureliewette-kommissie onder voorsitterskap van regter H.A. Fagan. Die Kommissie het bestaande wetgewing rakende swartes ondersoek en die bevinding van die verslag wat uitgebring is, was dat ekonomiese kragte sterker as die bestaande wetgewing was, vandaar verstedeliking. Die proses het plaasgevind omdat die lewensomstandighede in die reserwate en op plase ongunstig was. Van die belangrikste aanbevelings van die Fagan-verslag was dat die reserwate ekonomies ontwikkel moes word, dat wetgewing rakende die administrasie van swartes meer buigsaam moes wees en dat die trekarbeidstelsel hervorm moes word om die gesinslewe van swartes te bestendig.<sup>16</sup> Reaksie op hierdie omvangryke en wetenskaplike verslag, wat die stempel van liberale mening gedra het,<sup>17</sup> was tekenend van die gepolariseerde politieke mening in die land: waar die pro-VP Engelstalige pers dit geesdriftig verwelkom het, het sowel die African National Congress (ANC) as die ondersteuners van die HNP dit om uiteenlopende redes verwerp. Talle gemagtigde swartes het dit egter goedgekeur.<sup>18</sup> Skynbaar het die Smuts-regering gehuiwer oor die verkiesingsimplikasies van die verslag, want die VP het eers enkele dae voor die algemene verkiesing van 1948 bekend gemaak dat dit die verslag in breë trekke aanvaar.<sup>19</sup>

Terwyl daar in die laat veertigerjare in regeringskringe ten minste bedenkinge was oor die verdere uitvoerbaarheid van die segregasiebeleid (en die totale verwerping van dié beleid in liberale kringe), het 'n teenoorgestelde standpunt - gebore uit die hoofstroom van Afrikanerdenke - hom in die blanke politiek gevestig. Dié beleid het bekend gestaan as apartheid en die apartheidsdenkers het, soos die liberale en meer progressiefdenkendes in die VP, die bestaande segregasiebeleid ernstig bevraagteken en doelbewus probeer ondermyn. Daar was natuurlik 'n hemelsbreë verskil tussen hierdie uiteenlopende denkwyses oor 'n alternatief vir segregasie.

Die apartheidsbeleid - waarmee bedoel word die idee om Suid-Afrikaners op alle terreine te skei en wat onderskei behoort te word van die VP se segregasiebeleid - het sy oorsprong in die dertigerjare gehad. Dit het aanvanklik 'n duidelike verband met die armblankevraagstuk vertoon. Afrikanerleiers was bevrees oor die moontlikheid dat armblankes (waarvan Afrikaners verreweg die grootste deel uitgemaak het) deur die groeiende getal swartes verswelg sou word, veral in die stede. Afrikaner-intellektuele het derhalwe in 1935 die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudies gestig wat 'n beleid van "rasse-apartheid" as alternatief vir segregasie beskou het. Die Bond het egter vroeg doodgeloop en eers in die loop van die veertigerjare het die begrip "apartheid" 'n omvattend geformuleerde stelsel van rassedifferensiasie geword.<sup>20</sup>

Die Afrikaner-Broederbond (AB) het die meeste bygedra tot die koördinering van

- 
16. S.A. Institute of Race Relations, *A digest of the Native Laws (Fagan) Commission* (prepared by Helen Suzman) (Johannesburg, s.j.), pp. 1-19; A.P. Smit & A. Wessels, 'Fagan en Tomlinson: Twee perspektiewe ten opsigte van verstedeliking' (ms. van referaat gelewer tydens konferensie van die S.A. Historiese Vereniging, Stellenbosch, Jan. 1987), pp. 5-9.
  17. Davenport, 'The Smuts government', p. 91; SAIRR, 100.3.1, Durban and dist. Joint Council...: Memo of evidence submitted to Native Laws Enquiry Commission, Feb. 1947; R. Feldman papers, Cb Ts. article, 6-4-1948.
  18. *The Star*, 30-3-1948; *The Natal Mercury*, 31-3-1948; *Cape Times*, 29-3-1948; Walshe, *The rise of African nationalism*, pp. 285-286; Thomas Karis & Gwendolen Carter (eds.), *From protest to challenge: A documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964*, II (Stanford, 1979), p. 283; T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history* (Bergvlei, 1988), p. 344; SAIRR, 100.3.1, Verklaring oor Fagan-verslag.
  19. *Rand Daily Mail*, 18-5-1948; Ellen Hellmann papers, 34. Race relations, 'Race relations on the downgrade', p. 4.
  20. N.J. Rhoadie & H.J. Venter, *Die apartheidsgedagte: 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling* (Kaapstad/Pretoria, 1959), pp. 146-147, 173-177; W.A. de Klerk, *The Puritans in Africa: A history of Afrikanerdom* (Harmondsworth, 1983), p. 220.

Afrikanerdenke oor die rassevraagstuk. Reeds in 1933 is die vraagstuk deur die AB ondersoek en is 'n standpunt ten gunste van rassesekeiding openbaar gemaak. In die veertigerjare het die organisasie sy bemoeienis met die vraagstuk voortgesit en 'n volkskongres oor die rassevraagstuk in 1944 gereël. Enkele jare later, in 1947, het die Uitvoerende Raad van die AB tydens 'n Bondsraadbyeenkoms die stigting van 'n liggaam wat die rassevraagstuk omvattend sou bestudeer aanbeveel en hieruit is die Suid-Afrikaanse Buro vir Rassestudies (SABRA) gebore.<sup>21</sup>

In die uiteindelijke uitkristallisering van die apartheidsbeleid was die werk van Afrikaner-akademici (meestal volkekundiges) van besondere belang. Onder die belangrikste apartheidsdenkers het W.W.M. Eiselen, Geoff Cronjé, P.J. Schoeman, P.J. Coertze, F.L. Language en B.I.C. van Eeden getel. Daar was weliswaar aksentverskille by hierdie akademici, maar almal het 'n hoë premie geplaas op sekere fundamentele uitgangspunte soos die selfbeskikkingsreg van swart volke, die onaanvaarbaarheid van 'n beleid van gelykstelling, asook die noodsaaklikheid van blanke voogdyskap as 'n vereiste vir die ontplooiing van die beleid van apartheid. In teenstelling met "plaaslike segregasie" (die VP-beleid), is streng territoriale segregasie voorgestel. In eie, afsonderlike vaderlande moes swart volke se tradisionele stamstelsel uitgebou word op maatskaplike, politieke, onderwys- en religieuse gebied.<sup>22</sup>

Apartheid toon ook 'n bepaalde verwantskap met die opbloeit van Afrikanernasionalisme in die laat dertiger- en vroeë veertigerjare. In die bewusmaking van 'n eie identiteit het kultuurleiers soos N.J. Diederichs en P.J. Meyer 'n belangrike aandeel gehad.<sup>23</sup> Maar die nasionale beweging het nie net etniese nie maar ook materiële dryfvere gehad. Om die Afrikaner ekonomies op te hef, het Afrikanerleiers na 1939 'n doelbewuste veldtog van stapel laat loop om die koopkrag van Afrikaners te koördineer sodat hulle die handelswêreld kon beheer. Ook die Afrikanerwerker is gemobiliseer sodat hy nie vir die Afrikanersaak verlore sou raak nie. Apartheid was implisiet in die beweging deurdat dié beleid as waarborg vir blanke oorlewing en Afrikaneridentiteit gesien is; derhalwe het dit aanklank by die Afrikaner gevind.<sup>24</sup>

Net so deurslaggewend in die Afrikaner se aanvaarding van apartheid, veral op morele gronde, was die houding van die getalrykste Afrikanerkerk, die N.G. Kerk, wat die beginsel van kleurdifferensiasie volkome onderskryf het. Tradisioneel het die N.G. Kerk die status van "volkskerk" verwerf deels vanweë sy bemoeienis met die

- 
21. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie: 'n Persoonlike rekenskap van vyftig jaar georganiseerde Afrikanerskap* (Johannesburg, 1984), pp. 67-68; A.N. Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 jaar* (Kaapstad, 1979), pp. 158-160, 163; Charles Bloomberg, *Christian-nationalism and the rise of the Afrikaner Broederbond in South Africa, 1918-1948* (geredigeer deur Saul Dubow) (Hampshire/Londen, 1990), hoofstuk 9; 'Die Volkskongres oor die rassebeleid van die Afrikaner' en 'Die rassebeleid van die Afrikaner', *Inspan* 4(1) Okt. 1944, pp. 9-10, 21-25.
  22. W.W.M. Eiselen, 'The meaning of apartheid', *Race Relations* 15(3), 1948, pp. 72-74, 76; G. Cronjé, 'n *Tuiste vir die nageslag: Die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstukke* (Johannesburg, 1945), *Regverdige rasse-apartheid* (Stellenbosch, 1947), *Voogdyskap en apartheid* (Pretoria, 1948); P.J. Schoeman, 'Territoriale segregasie: Enigste doeltreffende natuurlike beleid vir Suid-Afrika', *Wapenskou*, Junie 1941, pp. 20-34; P.J. Coertze, F.J. Language en B.I.C. van Eeden, 'Die oplossing van die natuurlevraagstuk in Suid-Afrika: Wenke ooreenkomstig die Afrikanerstandpunt van Apartheid', *Wapenskou*, April 1943, pp. 5-17.
  23. T. Dunbar Moodie, *The rise of Afrikanerdom: Power, apartheid, and the Afrikaner civil religion* (Berkeley/Los Angeles, 1975), pp. 154-164; De Klerk, *The puritans*, pp. 203-206, 214-215, 219; Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 54.
  24. Hermann Giliomee en Heribert Adam, *Afrikanermag: Opkoms en toekoms* (Stellenbosch, 1981), pp. 116-120; Merle Lipton, *Capitalism and apartheid: South Africa 1910-1986* (Kaapstad en Londen, 1989), pp. 269-273; Dan O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948* (Johannesburg, 1983), veral hoofstuk 4-15. Volgens O'Meara is apartheid geskep om die kapitalistiese klas onder die Afrikaners te dien. Hierdie verklaring is egter 'n oorvereenvoudiging van die werklikheid. Die ontstaan van die beleid kan nie begryp word sonder om die beskerming van nasionale identiteit as faktor in berekening te bring nie.

materiële welvaart van die Afrikaner. Aparte ontwikkeling is gedurende die veertigerjare deur verskeie kerkvergaderings van die N.G. Kerk aanvaar.<sup>25</sup> Ook die Gereformeerde Kerk het die apartheidsbeginsel sterk uitgedra, maar die standpunt van Irving Hexham dat die apartheidsbeginsel oorspronklik van die Gereformeerde Kerk afkomstig is,<sup>26</sup> kan nie aanvaar word nie.

Dit was die Herenigde Nasionale Party (HNP), politieke instrument van die Afrikaner, wat die apartheidsidee in politieke terme sou omsit en daarvan 'n verkiesingswapen sou maak. Ongeag die feit dat apartheid op die strukture van die VP-segregasiebeleid gebou is, was daar 'n duidelike skeidslyn tussen VP- en HNP-beleid. Daar die skeidslyn lê in die samesmelting van 1934. Deurdat Hertzog met Smuts saamsmelt het, was hy verbind om nie verdere reaksionêre rassematreëls te tref as wat in sy wetgewing van 1936 beliggaam was nie. D.F. Malan en sy "Gesuiwerde" Nasionale Party was nie hieraan gebind nie. Teen 1936 het Malan en ander HNP-leiers reeds met ekstremistiese uitsprake oor die rassevraagstuk vorendag gekom, insluitende die verwydering van die "kleurling"-kiesers van die gemeenskaplike kieserslys.<sup>27</sup> Reeds in die algemene verkiesing van 1938, het die HNP die rassevraagstuk as een van sy vernaamste strydpunte gebruik.<sup>28</sup>

In die veertigerjare het die HNP voortgegaan om gestalte te gee aan die filosofie van rasseseiking. Hierin is die party daadwerklik bygestaan deur die Afrikaanse nuusblaai, veral *Die Burger* en *Die Transvaler*.<sup>29</sup> Tot die aanbreek van die algemene verkiesing van 1948 het HNP-sprekers (deur die Afrikanerparty bygestaan) in die parlement en op politieke verhoë die rassevraagstuk aangeroer en die beleid van blanke voogdskap en afsonderlikheid gepropageer. Veral M.D.C. de Wet Nel, wat hom op die rassevraagstuk toegespits het, het aan talle debatte hieroor deelgeneem. Duidelike skeidslyne tussen blank en nie-blank op die verskillende lewensterreine is as enigste oplossing van die rassevraagstuk beskou.<sup>30</sup> Die gevare van swart instroming na die stede is dikwels opgehaal en dié verskynsel is ook in verband gebring met die tekort aan plaasarbeid.<sup>31</sup> Teen die einde van 1947 en herhaaldelik daarna het die HNP ondubbelsinnig sy voorneme om met die rassevraagstuk na die volgende algemene verkiesing te gaan, bekend gemaak.<sup>32</sup>

In Januarie 1947 het die verslag van die Kleurvraagstukkommissie van die HNP (Sauer-verslag) verskyn. Die reeds bekende grondbegrippe wat deur Eiselen, Coertze, Cronjé, Jansen, De Wet Nel en ander neergelê is, het in hierdie dokument neerslag gevind. 'n Beleid van totale skeiding tussen wit en swart, met geen regte

- 
25. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 69; R.T.J. Lombard, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek met spesiale verwysing na die jare 1948-1961* (Pretoria, 1981), pp. 40-41; Rhoadie en Venter, *Die apartheidsgedagte*, pp. 164-167; Johann Kinghorn (red.), *Die NG Kerk en apartheid* (Johannesburg, 1986), hoofstuk 3; W. Nicol, "'n Grootse roeping' en E.P. Groenewald, 'Apartheid en voogdskap in die lig van die skrif', in Cronjé, *Regverdigde rasse-apartheid*.
  26. Irving Hexham, *The irony of apartheid: The struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism* (New York en Toronto, 1981), veral pp. 83, 98-116, 176-190.
  27. P.W. Coetzer en J.H. le Roux (reds.), *Die Nasionale Party Deel 4: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940* (Bloemfontein, 1986), pp. 59-62.
  28. C.M. Tatz, *Shadow and substance in South Africa: A study in land and franchise policy affecting Africans, 1910-1960* (Pietemarienburg, 1962), p. 123.
  29. Vgl. bv. *Die Burger*, 26-3-1943, 3-5-1943, 21-6-1944, 29-8-1944, 13-3-1945, 8-6-1945, 17-10-1946, 29-3-1946; *Die Transvaler*, 1-7-1947, 12-8-1947, 30-9-1947; Dioné Prinsloo, *Die Johannesburg-periode in dr. H.F. Verwoerd se loopbaan* (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, RAU, 1979), pp. 332, 334.
  30. Vgl. bv. *Die Burger*, 4-4-1944, 17-4-1944; PV 27, 1/2/2/2/2, Notule, Kaaplandse Nasionale Partykongres, 11-13-10-1944, p. 9; *Debatte van die Volksraad*, Dl. 52, 12-3-1945, kol. 3269 (Malan), 14-3-1945, kol. 3491 (Serfontein); *Skietgoed* 1(5), Junie 1947, p. 4; *Die Transvaler*, 19-9-1947.
  31. *Debatte*, Dl. 38, 8-3-1940, kol. 3102 (L.J. Vosloo), Dl. 54, 28-5-1945, kol. 8485-6 (E.R. Strauss), kol. 8510 (J.N. le Roux), Dl. 44, 12-2-1946, kol. 1510 (J.G.W. van Niekerk).
  32. *Die Burger*, 8-10-1947; *Die Transvaler*, 25-8-1947; *Debates*, vol. 62, 20-1-1948, col. 63 (Malan).

aan swartes in "blanke" gebied nie, is uitgespel. Polities sou swartes deur sewe blanke senatore verteenwoordig word, terwyl alle vorme van bestaande verteenwoordiging afgeskaf sou word. In swart reservate sou eie regeringstelsels gebaseer op die Bunga-stelsel ingestel word. Blanke voorgedyskap was 'n pilaar van die beleid - en dit het die beheer van swart onderwys deur die blanke ingesluit. Dieselfde uitgangspunt is ten opsigte van die "kleurling" gehandhaaf. Hy moes as 'n afsonderlike volksgroep ontwikkel. Die Indiërs is as 'n immigrantegemeenskap beskou en repatriasie - indien uitvoerbaar - is as die beste uitweg vir dié "probleem" beskou.<sup>33</sup>

Tydgenootlike kritiek op die apartheidsbeleid het morele sowel as politieke fasette ingesluit.<sup>34</sup> Die ekonomiese aspek van apartheid is as onsin bestempel - veral in die lig van die geweldige koste wat die ontwikkeling van die reservate sou meebring.<sup>35</sup> Margaret Ballinger het die HNP se rassebeleid vanuit 'n ander perspektief gesien: dit was in werklikheid 'n goedkoop arbeidsbeleid vir boere.<sup>36</sup> Die kwessie van arbeidsvoorsiening deur Ballinger vermeld, het ook die tema van latere klassevertolkings van die apartheidsbeleid geword.<sup>37</sup>

### Die rassevraagstuk en die algemene verkiesing van 26 Mei 1948

Die Nasionaliste het die Sauer-verslag as grondslag gebruik vir die nuwe rassebeleid van die HNP wat D.F. Malan op 29 Maart 1948 bekend gemaak het. Met hierdie beleid sou die party ook na die stembus gaan.<sup>38</sup>

Toenemende swart verstedeliking, met gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme, het teen die laat veertigerjare stukrag aan die apartheidskreet verleen. Die Tweede Wêreldoorlog het verreikende sosiale en ekonomiese gevolge vir die swartes, "kleurlinge" en Indiërs in Suid-Afrika gehad. Verstedeliking het aansienlik versnel, hoofsaaklik omdat die vervaardigingsektor so vinnig in die oorlogsjare uitgebrei het en veral ongeskoolde swartes van die ekonomies onaanloklike reservate en plase na die stedelike gebiede gelok het. Hierdie bevolkingsontploffing in die stede het spoedig 'n behuisingsnood en 'n ooraanbod van werk met gepaardgaande werkloosheid en misdaad tot gevolg gehad.<sup>39</sup> Swart vakbondbewegings is deur die nuwe werkerskorps gestimuleer en dit het ook die swart politiek beïnvloed. Tekenend van 'n veranderde strategie van militantheid was die opskorting van die sitting van die Naturelle Verteenwoordigende Raad in 1946 asook die radikaler eise van die ANC, die oudste en belangrikste swart politieke organisasie van die tyd. Dieselfde radikalisme was ook in die "kleurling"- en Indiëropolitiek te bespeur namate 'n kollektiewe

---

33. Strijdom-versameling, Band 148, 'Finale verslag van die Kleurvraagstuk-kommissie van die Verenigde Nasionale Party'.

34. *The Cape Argus*, 30-3-1948; Molteno, 'Nationalists' native policy', *Cape Times*, 30-3-1948.

35. *Assembly Debates*, vol. 62, col. 106-110, 20-1-1948 (Van der Byl); D.B. Molteno, 'Nationalists' native policy', *Cape Times*, 30-3-1948; *The Star*, 30-3-1948; *The Cape Argus*, 29-3-1948.

36. *Assembly Debates*, vol. 62, col. 165-167, 22-1-1948 (Ballinger).

37. Vgl. bv. M.L. Morris, 'The development of capitalism in South African agriculture: class struggle in the countryside', *Economy and Society* 5, 1976, pp. 334-338; Dan O'Meara, *Volkskapitalisme*, hoofstuk 12; en Deborah Posel, 'The meaning of apartheid before 1948: Conflicting interests and forces within the Afrikaner Nationalist alliance', *Journal of Southern African Studies* 14(1), Oct. 1987, pp. 123-139.

38. *Cape Times*, 29-3-1948.

39. Smit en Wessels, 'Fagan en Tomlinson', p. 5; Smuts-vers., Band 170, no. 2: 'Memorandum. The native situation in large towns'; Sheila T. van der Horst, 'The African worker in urban areas', *Race Relations*, 12(2), 1946, pp. 22-23; Davenport, 'The Smuts government and the Africans', p. 85; Lawrence papers, E5.85, 'Report of the Penal and Prison Reform Commission, 1947'; Joint Councils of Europeans and Africans, Cj2.6.32, 'Evidence submitted to the Penal Reform Commission by the Johannesburg Joint Council...'

lotsgebondenheid met die swartes posgevat het.<sup>40</sup>

In die verkiesingsveldtog het die Nasionaliste hierdie omstandighede tot hul voordeel gebruik en die kiesers gebombardeer met waarskuwings oor die "swart gevaar" - wat in die lig van die uitwerking van swart verstedeliking en groter militantheid by swart politieke leiers waarskynlik 'n redelike mate van bemarkbaarheid gehad het. Die rassevraagstuk het dus die belangrikste strydpunt vir die party geword.<sup>41</sup> Partykandidate (ook dié van die Afrikanerparty) en die koerante wat die HNP-AP-bondgenootskap gesteun het) het nie een geleentheid laat verbygaan om die regering oor sy kleurbeleid aan te val en apartheid te propageer nie. Die blanke beskawing, so is die publiek verseker, sou slegs deur 'n beleid van apartheid gewaarborg kon word.<sup>42</sup> "Breek die Sap-regering of hy breek blank Suid-Afrika," het *Die Volksblad* op verkiesingsdag geskryf.<sup>43</sup> Apartheid is voorgestel as 'n beleid wat nie afbrekend en vernerderend was nie, maar bedoel was om rassewrywing uit die weg te ruim.<sup>44</sup> N.C. Havenga het by geleentheid ook beklemtoon dat die apartheidbeleid nie sou meebring dat swart arbeiders op groot skaal na swart gebiede weggevoer sou word nie; slegs dié wat die stede "oorstroom", sou verwyder word. Dus was die VP-bewering dat die blanke as gevolg van apartheid sonder werkers sou sit, ongegrond.<sup>45</sup> Kommuniste en (kleur)liberalisme is as byna sinoniem voorgestel en het volgens Nasionalistiese propaganda as handlanger vir die regering se beoogde "gelykstellingsbeleid" gediën. Volgens Malan het die kommuniste een na die ander swart organisasie ingepalm.<sup>46</sup> In *Die Burger* se spotprent op verkiesingsdag was vier mans (wat onderskeidelik HNP, AP, oud-VP en oud-Arbeider uitbeeld) besig om met 'n paal 'n deur waarop die woord KLEURLIBERALISME staan, oop te stamp.<sup>47</sup>

Maar dit was Hofmeyr wat veral op die platteland die grootste enkele teiken van die HNP-aanvalle was. Lank voor die verkiesing is hy reeds "aangewys" as die land se volgende eerste minister as die VP die verkiesing sou wen - natuurlik met "noodlottige gevolge" vir die land.<sup>48</sup> Die Nasionaliste het reguit gesê dit was 'n Hofmeyr-verkiesing en dat sy "beleid van gelykstelling" dieselfde as dié van die kommuniste was - net meer geleidelik.<sup>49</sup> Hofmeyr, so is gesê, het homself immers in die parlement ten gunste daarvan verklaar dat swartes, "kleurlinge" en Indiërs nie meer uitsluitlik deur blankes in die parlement verteenwoordig behoort te word nie en hy het ook erken dat die politieke kleurslagboom moes verdwyn.<sup>50</sup> *Die Transvaler* sowel as *Die Burger* het op verkiesingsdag die kiesers nadruklik teen Hofmeyr gewaarsku. Eersgenoemde se wekroep was: STEM VROEG, STEM TEEN HOFMEYR.

---

40. Walshe, *The rise of African nationalism*, pp. 272-279, 282, 285, 335-336, 350, 356-357; Karis en Carter, *From protest to challenge*, pp. 84-87, 91-92, 100-106; Mirjana Roth, *The Natives Representative Council, 1937-1951* (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, 1987), hoofstuk 17; Gavin Lewis, *Between the wire and the wall: A history of South African 'Coloured' politics* (Kaapstad en Johannesburg), veral hoofstuk 7 en 8; V. Sirkari Naidoo, 'Historical background', *Race Relations* 14(3), 1947, p. 85; Davenport, *South Africa*, pp. 350-353.

41. *Die Kruithoring*, 14 en 28-4-1948.

42. *Die Transvaler*, 19-4-1948 (Dönges op Krugersdorp), 1-5-1948 (Malan in Germiston), 3-5-1948 (Strijdom op Witbank).

43. *Die Volksblad*, 26-5-1948 (hoofartikel).

44. *Die Burger*, 26-5-1948 (Malan op Caledon).

45. *Die Transvaler*, 30-4-1948 en 5-5-1948 (Havenga op Potchefstroom en Bethal onderskeidelik).

46. *Die Transvaler*, 1-5-1948 (Malan in Germiston).

47. *Die Burger*, 26-5-1948 (spotprent).

48. Vgl. National Party Information Office, *Meet Mr Hofmeyr, future leader of the United Party* [1948].

49. *Die Burger*, 26-5-1948 (Malan op Caledon).

50. *Die Transvaler*, 1-5-1948 (Malan in Germiston) en 3-5-1948 (Strijdom op Witbank). Vgl. ook verwysings na Hofmeyr in toesprake deur Havenga, De Wet Nel, D.J.G. van den Heever, Jacob Wilkens, en G.H. Bekker in onderskeidelik *Die Transvaler*, 30-4-1948, 26-4-1948, 5-5-1948 (Van den Heever en Wilkens) en *Daily Dispatch* (Oos-Londen), 24-5-1948.



## DUS STEM VIR DIE HNP- DIE AP EN ONAFHANKLIKE KANDIDATE WAT DIE APARTHEIDSBELEID VOORSTAAN.<sup>51</sup>

In teenstelling met die Nasionaliste se intense veldtog om die rassevraagstuk aan die groot klok te hang, het die VP 'n beteklik lae prioriteit daaraan toegeken. In 'n pamflet *Wat u behoort te weet* is op 'n nugtere, beredeneerde wyse op die ekonomiese onuitvoerbaarheid van apartheid gewys, met enkele verwysings na die Fagan-verslag se praktiese aanbevelings.<sup>52</sup> In die VP se verkiesingsmanifes is in punt 2 gestel dat die party ten gunste was van die handhawing van die blanke beskawing, maar slegs twee uit 24 punte in die program het spesifiek na die rassevraagstuk verwys. Daardie twee punte het ook nie werklik 'n nuwe benadering oor die probleem gebied nie: dit het gestipuleer dat die funksies van die Naturelle Verteenwoordigende Raad en ander swart liggame uitgebrei sou word, asook dat die tradisionele posisie van die "kleurlinge" en Indiërs bestendig sou word.<sup>53</sup>

VP-sprekers het uit hul pad gegaan om te ontken dat die party en Hofmeyr gelykstelling voorgestaan het.<sup>54</sup> Politieke mag, so het van die VP-ministers beklemtoon, moes in die blanke se hande bly omdat dit in belang van die hele Suid-Afrika sou wees. Die land se nywerheidsontwikkeling het 'n stabiele swart arbeidsmag in die blanke gebiede vereis, maar swartes moes gesegregeerd van die blankes lewe.<sup>55</sup> Opvallend is die klem wat die VP op die beskikbaarheid van 'n swart arbeidsmag gelê het - met 'n duidelike waarskuwing dat 'n HNP-regering hierdie arbeidsmag sou verminder deur die swartes na die reservate te kanaliseer.<sup>56</sup> Dit dui bepaald op die belangrikheid van arbeidsvoorsiening in die veertigerjare en die druk wat veral die boeregemeenskap in die verband op die politieke partye uitgeoefen het.

Met die aanbreek van die algemene verkiesing van 1948 het die rassevraagstuk 'n krisispunt bereik. Die Nasionaliste was daarop uit om dié vraagstuk te gebruik om aan bewind te kom. Aan die ander kant wou die regerende VP sover moontlik van die kwessie wegsram. Dit was egter onmoontlik omdat die opposisie hom gedwing het om sy bestaande en toekomstige beleidsrigting te verdedig.

Om te bepaal of die rassevraagstuk deurslaggewend was in die VP se verkiesingsneerlaag is geen maklike taak nie, veral in die lig van die klein meerderheid wat die HNP-AP oor die VP-Arbeidersparty behaal het (agt setels in totaal). Trouens, die rol wat enige vraagstuk in 'n verkiesing in Suid-Afrika gespeel het, kan nie empiries bewys word nie. Suid-Afrikaanse kiesers dui nie in 'n verkiesing op stembriefies aan waarom hulle 'n bepaalde party steun nie. Anders as met 'n referendum is daar nie 'n bepaalde kwessie waaroor gestem word nie. Wat ontleders van 'n verkiesing dus te doen staan, is om 'n studie te maak van die faktore wat op die verkiesing ingewerk het, daardie faktore teen mekaar op te weeg en te besluit watter die belangrikste was. Die resultate hiervan bly egter in vele opsigte spekulatief.

Gesofistikeerde verkiesingstudies kan natuurlik met groter akkuraatheid aandui wat die bepalende faktore in 'n verkiesing was. Dit kan egter slegs suksesvol gedoen word indien die samestelling van die kieserskorps (insluitend die classesamestelling en ekonomiese posisie van kiesers in kritieke kiesafdelings), die nasionale asook plaaslike verkiesingskwessies, die gehalte en gewildheid van kandidate, asook party-organisasie onder die vergrootglas geplaas word. Weinig gedetailleerde verkiesingstudies is in Suid-Afrika onderneem en die algemene verkiesing van 1948 is geen uitsondering nie. Hierdie probleem het beslis 'n waardebepaling van die rol van

---

51. *Die Transvaler*, 26-5-1948 en *Die Burger*, 26-5-1948 (hoofartikel). Vgl. ook *Die Kruithoring*, 14-4-1948 en 19-5-1948.

52. Verenigde Party, *Wat u behoort te weet: "Apartheid" en die Naturelle-vraagstuk* (1948).

53. UP Archive, Private collections, O.A. Oosthuizen coll., *Beleid en beginsels van die Verenigde Party* [1948].

54. *Rand Daily Mail*, 6-5-1948 (verklaring deur Oosthuizen); 18-5-1948 (Smuts in Johannesburg).

55. Vgl. *Rand Daily Mail*, 26-5-1948 (Gluckman in Port Elizabeth).

56. Vgl. Verenigde Party, *Wat u behoort te weet* [1948]; *Rand Daily Mail*, 23-5-1948 (Smuts se verkiesingsboodskap); 26-5-1948 (Gluckman in Port Elizabeth) en veral 6-5-1948 (O.A. Oosthuizen, hoofsekretaris van die party, se verklaring).

die rassevraagstuk in die verkiesingsuitslag bemoeilik.<sup>57</sup>

Uit die verkiesingstatistiek van 1948 kan wel sekere geldige gevolgtrekkings gemaak word. Een daarvan is dat die herafbakening van kiesafdelings in 1947 die VP benadeel het deurdat ses van die agt kiesafdelings wat tot niet gegaan het as gevolg van die Negende Afbakeningskommissie se aanbevelings VP-kiesafdelings was. Maar dit was moontlik die partyorganisasie se eie skuld: W.B. White wys daarop dat die VP via afsonderlike streekkomitees voor die Afbakeningskommissie getuienis gelewer het, en dat daar 'n opvallende gebrek aan koördinasie tussen hierdie komitees was. 'n Tweede gevolgtrekking is dat die kiesstelsel Smuts van 'n neerlaag verseker het. Die HNP-AP-kombinasie het 52,7 persent van die 150 kiesafdelings verower met slegs 39,4 persent van die totale stemme; die VP-Arbeidersparty-kombinasie het 47,3 persent van die setels verower met 53,3 persent van die stemme op hom verenig. Die laai van stedelike kiesafdelings met tot 15 persent van die kwota kiesers en dienoooreenkomstige ontlai van plattelandse kiesafdelings het hierdie wanbalans meegebring. As setels verdeel sou word in verhouding tot stemme sou die VP-Arbeiders 80 setels en hul opponente 59 gewen het. Die probleem vir die VP (wat nou 'n feitlik uitsluitlik stedelike party was) het gelê in die konsentrasie van sy krag. In stedelike kiesafdelings het hy groot meerderhede behaal en derduisende stemme "verkwis"; op die platteland waar proporsioneel heelwat meer kiesafdelings as in die stede was, het hy nie genoeg stemme gehad om setels te wen nie.<sup>58</sup> In hierdie opsig het die herafbakening van kiesafdelings in 1947 die Nasionaliste nog verder bevoordeel deurdat hulle stemkrag beter verspreid gelê het. Smuts is by meer as een geleentheid deur sy partygenote aangeraai om die laai en ontlai van kiesafdelings deur wetgewing ongedaan te maak, maar hy het om onbekende redes konsekwent geweier. Ten minste twee VP-lede wat die verkiesing meegemaak het, het later Smuts se weiering om die kiesstelsel te verander as die hooforsaak van die VP-neerlaag genoem.<sup>59</sup>

Dat die kiesstelsel Smuts benadeel het en dat dit vererger is deur die herafbakening van kiesafdelings, neem nie die feit weg dat die steun van die kiesers aan die opposisie sedert die vorige algemene verkiesing toegeneem het nie. Volgens Heard se enigsins konserwatiewe berekening kom die swaai na regs op 5,75 persent te staan.<sup>60</sup> In Transvaal het Malan en Havenga se partye 16 setels van die regerende party gebuit, in Kaapland sewe en in Natal twee. Veral op die platteland het dié kombinasie skouspelagtige resultate behaal, maar selfs aan die Witwatersrand het die HNP vordering gemaak. Die swaai na regs het nie soseer beteken dat die VP op groot skaal van sy tradisionele steun (veral van Engelssprekendes) verloor het nie.<sup>61</sup> Volgens alle aanduidings het die HNP-AP sy steun in 'n oorweldigende mate van Afrikaanssprekendes ontvang.<sup>62</sup> Dit impliseer dat die oorgrote meerderheid van stemgeregtigde Afrikaanssprekendes wat in 1948 die eerste keer kon stem asook 'n persentasie Afrikaners wat tradisioneel VP gestem het en nou besluit het om teen Smuts (of Hofmeyr) te stem, vir die HNP-AP gestem het. Die Afrikaanssprekendes was bowendien toenemend besig om die Engelstaliges in getal te oortref deur 'n hoër geboortesyfer,<sup>63</sup> en Stultz het aangedui dat in dertien kiesafdelings, waarvan ne-

---

57. Die skrywer van hierdie artikel werk tans aan 'n omvattende en indringende studie van die 1948-verkiesing.

58. N.M. Stultz, *The electoral revival of the National Party in South Africa, 1934 to 1948* (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Boston University Graduate School, 1965), pp. 312-313, 318-319; Kenneth A. Heard, *General elections in South Africa 1943-1970* (Londen, ens., 1974), pp. 38-46; W.K. Hancock, *Smuts: The fields of force 1919-1950* (Cambridge, 1968), pp. 505-506; Bertha Solomon, *Time remembered: The story of a fight* (Kaapstad, 1968), pp. 203-204; *The Star*, 28-5-1948 (hoofartikel); W.B. White, *The South African parliamentary opposition, 1948-1953* (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Natal, 1989), p. 59.

59. Friedman, *Smuts*, pp. 211-212; Solomon, *Time remembered*, pp. 203-204.

60. Heard, *General elections*, pp. 42-43.

61. Lipton, *Capitalism and apartheid*, p. 275.

62. Stultz, *The electoral revival*, p. 306.

63. Vgl. W.K. Hancock, 'South African elections', *Australian Journal of Science* 28(3), p. 115.

ge in die Transvaal was, daar 'n toename in Afrikaanssprekende kiesers plaasgevind het.<sup>64</sup> Hierdie agtergrond verklaar ten minste gedeeltelik die groei van die HNP. Na die verkiesing van 26 Mei 1948 was die verdelingslyn tussen die HNP en die VP nog duideliker: Bertha Solomon se kiesafdeling, Jeppe, was nou die enigste in die land met 'n meerderheid Afrikaanssprekendes wat nog in VP-hande was.<sup>65</sup>

Indien die Afrikaner dan die HNP aan die bewind gebring het, was die party se apartheidsbeleid die rede daarvoor? Was die rassevraagstuk dus die belangrikste faktor wat die verkiesing beïnvloed het? Tydgenootlike sowel as latere ontledings van die verkiesing het groot gewig toegeken aan die rassekwessie; sommig het dit eksplisiet uitgesonder as die belangrikste determinant. Dekades later het historici en ander vakwetenskaplikes steeds die rassevraagstuk as die deurslaggewende rede vir die regeringwisseling beskou. Onder diegene wat dié standpunt huldig, tel H.B. Thom,<sup>66</sup> J.L. Basson,<sup>67</sup> Edward Tiryakian,<sup>68</sup> F.A. van Jaarsveld,<sup>69</sup> B.J. Liebenberg<sup>70</sup> en René de Villiers.<sup>71</sup> Prominente Nasionaliste en veral die HNP-koerante het sonder huiwering die VP se "gelykstellingsbeleid" as die rede waarom die kiesers die party verwerp het, aangegee.<sup>72</sup> Ook prominente VP-lede het die kleurvraagstuk uitgesonder. Tydens 'n vergadering van die Transvaalse Uitvoerende Bestuur van die VP na die verkiesing het 40 persent van die sprekers die rassevraagstuk as die belangrikste rede vir die party se skokneerlaag genoem. Hofmeyr is onder meer verwyrt omdat hy die konserwatiewe blanke kiesers van die VP sou vervreem het met sy "liberale" kleuropvattinge. Selfs VP-lede wat Hofmeyr-ondersteuners was, het na die verkiesing gemeen dat baie mense net eenvoudig nie ryp was vir 'n meer liberale rassebeleid nie.<sup>73</sup> Vooraanstaande liberale soos Edgar Brookes, Ellen Hellman en Leo Marquard het tereg daarop gewys dat dit die HNP was wat die VP se kleurbeleid as liberaal voorgestel het. Die HNP het blanke oppergesag beklemtoon en voorgegee dat Smuts en Hofmeyr dit bedreig het. Veral op die platteland is die VP se kleurbeleid gewantrou en selfs Engelssprekendes het HNP gestem (Brookes).<sup>74</sup> Die VP-kleurbeleid was vaag, weersprekend en verwarrend - kortom, geen teenvoeter vir dié van die HNP nie (Hellman).<sup>75</sup> Vir mense wat hulself onveilig gevoel het vanweë sosiale en ekonomiese omstandighede, het die HNP 'n duidelike beleid van hou-die-swarte-op-

---

64. Stultz, *The electoral revival*, pp. 315-316.

65. Solomon, *Time remembered*, p. 198.

66. Thom het drie dae na die verkiesing in 'n brief aan E.G. Jansen die rol van die kleurvraagstuk as verkiesingsfaktor uitgesonder (Kyk Jansen-versameling, Lëer no. 78, Thom - E.G. Jansen, 29-5-1948). In sy werk *D.F. Malan* (Kaapstad, 1980), p. 191, skryf hy dat die kleurvraagstuk die belangrikste verkiesingspunt van die HNP was, hoewel hy dié faktor nie pertinent noem as die belangrikste rede vir die HNP se verkiesingsoorwinning nie.

67. Basson, *J.G. Strijdom*, p. 568.

68. Edward A. Tiryakian, 'Apartheid and politics in South Africa', *The Journal of Politics* 22(4), Nov. 1960, pp. 696-697.

69. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966: 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (Johannesburg, 1971), pp. 255-256.

70. B.J. Liebenberg, 'Smuts aan bewind 1939-1948', in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria ens., 1980), pp. 474-476.

71. De Villiers, 'Afrikaner nationalism', p. 374.

72. *Die Transvaler*, 31-5-1948 (boodskap van Strijdom); *Die Volksblad*, 28-5-1948 (hoofartikel); *Die Transvaler*, 29-5-1948 (berig); *Dagbreek en Sondagnuus*, 30-5-1948.

73. UP, Transvaal Provincial Head Office, Uitvoerende Bestuursvergadering, 10-6-1948; Hofmeyr papers, Ab1, Hofmeyr's diary, 30-5-1948. T.C. Robertson, verslane VP-kandidaat in Witbank, het na die verkiesing verklaar dat hy openlik 'n Hofmeyr-ondersteuner was, maar dat daar sedert die vorige algemene verkiesing 'n groot toestroming van Afrikaner-mynwerkers en -spoorwegwerkers na dié gebied plaasgevind het. Daardie mense was nie gereed vir 'n liberale rassebeleid nie. *Kyk Sunday Times*, 6-6-1948 ('Why voters switched to the Nats').

74. Edgar H. Brookes, 'South African swing-over', *Foreign Affairs* 27(1), October 1948, pp. 144, 147.

75. Ellen Hellman papers, 34. Race relations, 'Race relations on the downgrade', pp. 2-3.

sy-plek gehad. Wat dit betref, kon die VP hom nooit oortref nie (Marquard).<sup>76</sup> Die vernuftige vakbondleier E.S. (Solly) Sachs het hierdie gevolgtrekkings goed saamgevat deur op te merk dat die verskil tussen die VP en die HNP in metode en nie in substansie gelê het nie, want soos die HNP het die VP openlik erken daar is 'n "kaffer-, kommuniste- en koelieprobleem".<sup>77</sup>

Wat van groot belang is by 'n ontleding van die algemene verkiesing van 1948 is dat 'n onderskeid getref behoort te word tussen die Nasionaliste se verkiesingskreet en die werklike uitwerking van daardie kreet op die uitslag van die verkiesing. Die Nasionaliste wou doelbewus van die 1948-verkiesing 'n kleurverkiesing - 'n apartheidsverkiesing - maak. Hancock het opgemerk dat die Nasionaliste na die 1943-verkiesing waarskynlik besef het dat hulle hul prioriteite in orde moes kry: om 'n verkiesing te wen, moes die debatspunt wees wat om met die swartes te doen.<sup>78</sup> Om hul propaganda spesifiek vir 1948 meer doeltreffend te maak, is Hofmeyr voorgestel as die versinnebeelding van gelykstelling, dit wat tot die blanke, en veral die Afrikaner, se ondergang sou lei. Onderliggend hieraan was die idee om die nuutgeformuleerde apartheidsbeleid te verkoop. Na afloop van die verkiesing het Nasionaliste volgehou dat Hofmeyr en die VP se rassebeleid die eintlike rede was vir die VP-neerlaag en dat alternatiewe redes wat deur die VP aangevoer is bloot bedoel was om die aandag van Hofmeyr te trek. Alternatiewe moontlike oorsake wat VP-koerante en -politici gemeld het, is eenvoudig deur die HNP-pers van die tafel gevee.<sup>79</sup> Die HNP wou doelbewus die indruk skep dat die kiesers 'n nuwe rassebeleid wou hê en daarom die VP-beleid verwerp het. Dit sou natuurlik die implementering van die apartheidsbeleid motiveer.

Die rassevraagstuk het ongetwyfeld 'n belangrike rol in die verkiesing gespeel. Bloot die enorme blootstelling van die kiesers aan die apartheidspropaganda het daarvan 'n beduidende faktor gemaak. Dit moet egter om twee redes bevestig word word of dit werklik die allesoorheersende faktor was. Ten eerste moet die geografiese swaartepunt van die HNP-AP in aanmerking geneem word. Die opposisie-kombinasie het sy oorwinning hoofsaaklik te danke gehad aan die Transvaalse en in 'n mindere mate die Kaaplandse platteland. Hoewel Brookes en andere van mening was dat die vrese van die plattelandse blankes betreffende die rasseprobleem deurslaggewend was, moet daar gewys word op die feit dat in 1946 maar 28,1 persent van die blankes in Kaapland op die platteland gewoon het, terwyl die persentasie ten opsigte van die Transvaal nog minder, naamlik 22 persent, was.<sup>80</sup> Die werklik kritiese omstandighede ten opsigte van die rassevraagstuk het in die stede voorgekom en nie op die platteland nie. Dit was in die stedelike gebiede waar behoeftige blankes hul bedreig gevoel het deur die instroming van swartes, waar gemengde woonbuurtes voorgekom en misdaad floreer het. As apartheid die enigste faktor vir die blanke kiesers in 1948 was, moes die swaai in die stedelike gebiede weg van die VP veel groter gewees het.<sup>81</sup>

'n Tweede rede waarom daar aangevoer kan word dat die rassevraagstuk as sodanig nie die deurslaggewende faktor in die verkiesing was nie, is die ervaring van Afrikaanssprekende koerantlesers van die rassevraagstuk kort voor die 1948-verkiesing. 'n Studie van briewe wat in die briewekolomme van moontlik die twee invloedrykste HNP-koerante van die tyd, *Die Transvaler* en *Die Burger*, tussen 1 November 1947 en 26 Mei 1948 verskyn het, het verrassende resultate opgelewer. Van die 291 briewe wat in genoemde tydperk (toe die apartheidslagkreet van die HNP 'n

---

76. Hofmeyr papers, Aa General correspondence 1948, Marquard-J.H. Hofmeyr, 8-6-1948.

77. Garment Workers Union papers, Eba 3.6, Elections 1937-1955, 'Lessons of the general election', 2-6-1948 [E.S. Sachs], pp. 2-3.

78. Hancock, 'South African elections', p. 117.

79. Vgl. *Die Volksblad* en *Die Burger*, 2-6-1948 (berigte).

80. Buro vir Sensus en Statistiek, *Uniestatistieke oor vyftig jaar* (Pretoria, 1960), A-10.

81. Die HNP het wel in vergelyking met die vorige algemene verkiesing aansienlik vordering getoon in die stedelike kiesafdelings: dog dit was slegs in die Pretoria-kiesafdelings waar die HNP/AP se aandeel in die totale getal stemme werklik skerp gestyg het ten koste van die VP/Arbeidersparty-bondgenootskap. Kyk *Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, no. 3980, 4-6-1948, asook Heard, *General elections*, pp. 22 en 40.

hoogbloei gehad het) in *Die Transvaler* verskyn het, het slegs 30 oor die rassevraagstuk gehandel. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 10,31 persent.<sup>82</sup> Ten opsigte van *Die Burger* was die syfer nog laer. Van die 445 briewe wat in dieselfde tydperk verskyn het, het slegs 33, dit wil sê 7,4 persent, met die rassevraagstuk te doen gehad.<sup>83</sup> Hoewel hierdie resultate relatiewe waarde het omdat dit nie bepaalbaar is in watter mate briewe in koerante die algemene gevoel van die kiesers weerspieël nie, kan daar tog 'n afleiding gemaak word oor die dringendheid van 'n bepaalde vraagstuk in 'n samelewing gedurende 'n bepaalde tydperk. In hierdie geval kan afgelei word dat lesers van genoemde koerante (uiteraard betreklik opgevoede, ingeligte mense), in hul begeerte om uitdrukking aan hul behoeftes en gevoelens te gee, hoër prioriteit verleen het aan ander sake as die rassevraagstuk. Selfs al sou 'n mens in aanmerking neem dat die redaksie van koerante soms briewe "fabriseer", bly die persentasie briewe oor die rassevraagstuk verstoemend min, want alle briewe (ook moontlike "gefabriseerdes") is vir die opname in aanmerking geneem.<sup>84</sup> Verder sou hierdie koerante in die lig van die massiewe anti-Hofmeyr- en "swart gevaar"-propaganda geneig wees om die maksimum getal briewe daarvoor te plaas om die partypropaganda verder te versterk en te probeer aantoon dat die publiek instem met die party se "waarskuwings". Dog, te midde van die geweldige publisiteit wat hierdie twee koerante aan die rassevraagstuk gegee het, blyk dit dat die openbare persepsie van dié vraagstuk verskil het van die voorstelling wat die HNP-politici en -koerante daarvan probeer gee het.

Hierdie bevinding word bevestig deur die herinneringe van oorwegend Afrikaanssprekende blanke Suid-Afrikaners (opgeteken in 1987), wat as gewone kiesers in 1948 aan die algemene verkiesing deelgeneem het. Skrywer het in 1987 'n brief in die briewekolomme van al die belangrike Afrikaanse koerante gepubliseer en onder meer aan lesers wat in 1948 gestem het die vraag gestel wat die belangrikste rede(s) vir Smuts se neerlaag was. Uit 32 briewe wat 'n spesifieke antwoord op dié vraag gegee het, word die rassevraagstuk (insluitend die apartheidsbeleid) slegs in drie briewe as die belangrikste faktor vermeld. In sewe briewe word dit saam met ander faktore gemeld, maar daar word geen besondere prioriteit aan die rassevraagstuk as sodanig toegeken nie.<sup>85</sup>

Diegene wat die verkiesingsuitslag in 1948 uitsluitlik of hoofsaaklik aan die rassevraagstuk toeskryf, kon moontlik beïnvloed gewees het deur die dramatiese politieke omswaai wat die 1948-verkiesing meegebring het. Die groot oorwinning wat die VP in die algemene verkiesing van 1943 behaal het, het nie net die VP-ondersteuners van destyds oorgerus gemaak nie, maar het waarskynlik ook latere ontleders van die "skokoorwinning" van die Nasionaliste in 1948 mislei. Die versoeking is sterk om te redeneer dat Smuts ná die 1943-verkiesing in so 'n sterk posisie was dat buitengewone omstandighede nodig was om die posisie in 1948 om te keer. Dié omstandighede was die toenemende krisis rondom die rassevraagstuk en die "towerformule" wat die HNP opgedis het - apartheid. Maar hierdie argument, wat die HNP-leiding waarskynlik self gebruik het om sy verkiesingstrategie te motiveer, weerspieël nie noodwendig die historiese werklikheid nie. Feit van die saak

82. *Die Transvaler*, 1-11-1947 tot 26-5-1948 (briewe in briewekolomme).

83. *Die Burger*, 1-11-1947 tot 26-5-1948 (briewe in briewekolomme).

84. Dit moet ook in gedagte gehou word dat briewe wat gedurende 'n verkiesingsveldtog in koerante verskyn en op die politiek betrekking het, nie onder skuilname gepubliseer mag word nie. Dus, vanaf 15-4-1948 tot met verkiesingsdag, 26-5-1948, was alle politieke briewe in *Die Burger* en *Die Transvaler* van name en adresse voorsien.

85. Ander redes wat respondente noem, is die volgende (rede vir VP-neerlaag word gevolg deur die getal briëfskrywers wat die betrokke rede meld. In die meeste gevalle is meer as een rede deur dieselfde briëfskrywer vermeld): benadeling van die Afrikaner deur die VP-regering: 19; regering se voorkeur aan Brittanje: 3; Afrikaner se republikeinse strewe: 1; benadeling van politieke teenstanders van Smuts (insluitend oorlogsbeleid): 6; ontevreedenheid van oud-soldate: 10; rantsoenering en tekorte in oorlogstyd en daarna: 8; beperkinge op mense in oorlogstyd: 7; puik HNP-verkiesingsorganisasie: 5; oorgerustheid by VP: 4; uitwerking van liegstem: 1.

is dat die HNP in die vroeë veertigerjare al reeds aan die opmars was. Dit was trouens die enigste party wat sedert 1934 konstant gegroei het.<sup>86</sup> Gesaghebbende navorsing het duidelik aangetoon dat die 1943-verkieping in werklikheid 'n valse beeld van die krag van die VP weerspieël het, hoofsaaklik vanweë die onnatuurlike oorlogsomstandighede wat tydens die verkieping geheers het.<sup>87</sup>

Indien die rassevraagstuk dan nie die deurslaggewende faktor in die verkieping was nie, watter ander faktor was dan belangriker? Daar is 'n aantal ontledings wat die opkoms van Afrikanernasionalisme, gepaardgaande met die afname van steun aan Smuts, belangriker ag as die rassevraagstuk. Onder hierdie gevolgtrekkings tel dié van Newell Stultz, T. Dunbar Moodie, W.A. Botha, G.D. Scholtz en Schalk Pienaar. Botha, Scholtz en Pienaar se verklarings vir Smuts se val is nie indringend genoeg om te bevredig nie. Pienaar meld bloot dat Afrikanernasionalisme en nie apartheid nie die hoofrede vir die HNP-oorwinning was;<sup>88</sup> Botha se gevolgtrekking is dat hoewel apartheid die groot verkiesingstrydvraag was, dit nie die "beslissende verdelingsfaktor" was nie. Afrikanernasionalisme en Afrikanervolkseenheid was volgens hom deurslaggewend in die verkiesingsuitslag. Hoewel Botha se afleiding grotendeels deur skrywer onderskryf word, het hy sy bevinding nie behoorlik gestaaf nie. Sy studie bied weinig verklarende agtergrond van die wyse waarop Afrikanernasionalisme voor 1948 gegroei het;<sup>89</sup> Scholtz beskryf ook die verkieping van 1948 as 'n oorwinning vir die ideale van die Afrikanerdom. Hierdie Afrikanerdom, vroeër verdeeld tot voordeel van Smuts met sy holistiese filosofie, het na 1945 verenig as gevolg van 'n sterker bewuswording deur 'n jonger geslag Afrikaners van hul volksverband.<sup>90</sup> Maar ook hierdie verklaring van die oorwinning van Afrikanerideale is te vaag om bevredigend te wees.

In sy studie oor die groei van Afrikanernasionalisme in die dertiger- en veertigerjare, kom Moodie tot die slotsom dat die wortels van die 1948-uitslag in die laaste jare van die Tweede Wêreldoorlog lê. Gedurende daardie tydperk het die AB die skeuring in Afrikanergeleedere geheel deur middel van sy werksaamhede op die terrein van die party-organisasie, die kerk en die kultuurlewe. Afrikaners is in dié proses geaktiveer om hul gemeenskaplike doelwitte te verwesenlik.<sup>91</sup>

Vir Stultz lê daardie wortels nog dieper. Die Nasionale Party was na 1934 die party wat Afrikanerideale verteenwoordig het en nie die VP nie. Die neutraliteitsstemming in 1939 het die republikeinse Afrikaners se opvatting bevestig dat samesmelting 'n illusie was, in werklikheid niks anders nie as die aanvaarding van 'n samelewing waarin Engelsprekendes sou domineer. Na 1939 het Afrikaners die keuse in die Suid-Afrikaanse politiek as een tussen Afrikaanssprekende en Engelsprekende Suid-Afrikaners gesien. Dit was duidelik dat hulle keuse op die Afrikaanssprekendes sou val. Die meeste Afrikaners, so meen Stultz, het in 1948 Nasionaal gestem bloot omdat hulle Afrikaners was; nie uit vrees vir swartes of uit die begeerte om uiteindelik daaruit ekonomiese voordeel te trek nie.<sup>92</sup> Apartheid was volgens Stultz nie die deurslaggewende faktor in 1948 nie. Dit was 'n verkiesingskreet, maar nie 'n nuwe beleid nie aangesien segregasie lankal reeds in Suid-Afrika aanvaar is. Wat rasseverhouding betref, was daar nie 'n "public alarm" daaroor in 1948 nie. Die groot faktor ("great national crisis", soos hy dit stel) wat die 1948-verkieping beïnvloed het, het in September 1939 plaasgevind. Daar was duidelike getuënis dat die gety teen die VP begin draai het lank voor die 1948-verkieping en voordat die

---

86. Schoeman, *Parlementêre verkiesings*, pp. 236-237, 270-271, 300-302.

87. F.D. Tothill, 'The soldiers' vote and its effect on the outcome of the South African general election of 1943', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 21, November 1989, pp. 83-93.

88. Schalk Pienaar, *Getuie van groot tye* (Kaapstad, 1979), p. 16.

89. W.A. Botha, *Die parlementêre verkieping van 1948: 'n Ontleding van die faktore wat die verkieping beïnvloed het* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967), p. 156.

90. G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VIII, 1939-1948* (Johannesburg, 1984), pp. 553-555.

91. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 256.

92. Stultz, *The electoral revival*, pp. 335, 338-341.

HNP se apartheidsprogram bekend was.<sup>93</sup>

In Stultz se ontleding lê sterk elemente van waarheid. Dit is korrek om die 1948-verkiezing in 'n wyer verband te beskou, om nie teen die groot VP-oorwinning in 1943 vas te kyk nie, en derhalwe die opkoms van die HNP as 'n proses te sien wat lank reeds aan die gang was. Dit is ook gedeeltelik korrek om aan te voer dat apartheid hoofsaaklik 'n verkiesingskreet was en dat daar nie soveel openbare beangstheid oor die kleurvraagstuk bestaan het as wat dikwels voorgegee is nie. Dat hierdie vraagstuk feitlik geen rol in die verkiesingsuitslag gespeel het nie, soos Stultz te kenne gee, moet egter bevestig word. Veral sy argument dat apartheid niks nuuts was nie omdat segregasie reeds jare lank bekend was, oortuig nie heeltemal nie. Apartheid was in 'n groot mate 'n reaksie teen segregasie wat deur Afrikaners as 'n mislukking gesien is omdat dit nie kon tred hou met veranderende omstandighede in Suid-Afrika nie. Afrikaner-akademici soos P.J. Schoeman, P.J. Coertze en Geoff Cronjé het immers onomwonde gesê dat apartheid radikaal en totaal is. Stultz neem ook nie die veranderinge wat deur industrialisasie (deur die Tweede Wêreldoorlog versnel) en swart verstedeliking (met gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme) meegebring is behoorlik in ag nie. 'n Verdere leemte is sy sienswyse dat Afrikaners HNP-AP gestem het bloot omdat hulle Afrikaners was. Hierdie vertolking wat slegs aan etniese oorwegings 'n rol toeken, is te eng. Afrikanernasionalisme het teen 1948 'n wyer skakering as net etnisiteit gehad.

Albei gevolgtrekkings, naamlik dat die rassevraagstuk (met apartheid as "oplossing") die verkiesingsuitslag bepaal het, of die weerspreking daarvan ten gunste van die siening dat Afrikanernasionalisme van suiwer etniese aard deurslaggewend was, het leemtes. Die antwoord op die vraag lê in 'n meer omvattende beskouing van die rol wat die HNP ten opsigte van die Afrikaner vervul het. So 'n beskouing sluit die rassevraagstuk sowel as Afrikanernasionalisme in. Die veelsydigheid van die HNP as party vir die Afrikaner is bevredigend deur Hermann Giliomee<sup>94</sup> en in 'n mindere mate Dan O'Meara,<sup>95</sup> ontleed. Die belangrikste tekortkoming van O'Meara se gevolgtrekking is dat hy geen plek aan nie-materiële faktore toeken nie.

Die proses wat die HNP na 'n omvattende party vir die Afrikaner gevoer het, het met samesmelting in 1934 begin. D.F. Malan se party het, in teenstelling met Hertzog se VP wat 'n breër Suid-Afrikaanse nasionalisme nagestreef het, 'n enger, eksklusiewe Afrikanernasionalisme bevorder. Die HNP was 'n party wat Afrikaners sou saamsnoer deurdat dit Afrikanerbelange op ekonomiese, sosiale en politieke terrein sou bevorder. Deur die ekonomiese beweging van die dertiger- en veertigerjare sou die armlankes sowel as die meer bemiddelde Afrikaner-sakelui gehelp word; deur die FAK en ander kultuurliggame sou die Afrikaner se kultuur bevorder word; parallelle onderwys sou verseker dat Afrikanerwaardes in skole uitgedra word; boonop was die AB, wat die meeste aksies geïnisieer het, onlosmaaklik aan die HNP gekoppel.<sup>96</sup>

Terwyl Hertzog se ideaal van 'n breër Afrikanerskap deur middel van 'n party waaraan Afrikaans- en Engelssprekendes behoort reeds in 1939 op die rotse geloop het, het die HNP in die veertigerjare voortgegaan om die steun van toenemende getalle Afrikaners te wen. Die party het, soos O'Meara waarskynlik korrek aandui, 'n Afrikaner-bondgenootskap georganiseer wat bestaan het uit die boere van Transvaal, Vrystaat en Kaapland, sekere kategorieë van wit arbeid, die Afrikaner-kleinburgery en sakelui wat welvarend geword het as gevolg van die ekonomiese beweging.<sup>97</sup>

---

93. Newell M. Stultz, 'South Africa's 'apartheid' election of 1948 reconsidered', *Plural Societies*, Winter 1972/73, pp. 34-37.

94. Vgl. die twee hoofstukke deur Hermann Giliomee, getiteld 'Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit' en 'Die ekonomiese opkoms van die Afrikaners in die twintigste eeu', in Giliomee en Adam, *Afrikanermag*.

95. Vgl. O'Meara, *Volkskapitalisme*, hoofstuk 15.

96. Giliomee en Adam, *Afrikanermag*, pp. 83-89.

97. O'Meara, *Volkskapitalisme*, pp. 242-243. Merle Lipton verwys ook na die HNP-beleid wat Afrikanerwerkers, -boere en -sakelui sou pas (Vgl. *Capitalism and apartheid*, p. 277).

Afikanereenheid het 'n stap nader aan vervulling beweeg toe Malan en Havenga in 1947 'n ooreenkoms bereik het. Daardeur is ook die Ossewa-Brandwaglede, wat slegs in 'n geringe getal aan die 1943-verkiesing deelgeneem het en hul daarna tot Havenga se party gewend het, polities gemobiliseer om in 1948 teen Smuts te stem.<sup>98</sup>

So vroeg as 1938 was daar reeds aanduidings dat die HNP (toe die Nasionale Party) die party vir die Afrikaner was. Laurence Salomon het aangedui dat in die algemene verkiesing van daardie jaar 17 van die 27 setels wat die NP in Kaapland gewen het in die gebied geval het wat deur die Carnegie-kommissie as baie arm beskou is.<sup>99</sup> Met verloop van tyd het die NP (HNP) sy basis van steun onder die Afrikaner aansienlik verbreed. Met die tussenverkiesing in Kimberley-distrik in September 1945, waar die OB-leiding probeer het om lede van die stembus weg te hou, het die HNP 'n VP-meerderheid van 511 in die 1943-verkiesing in 'n meerderheid van 244 stemme omskep. *Die Burger* het na die verkiesing opgemerk dat dié kiesafdeling 'n soort spieël van die mening in Suid-Afrika was: die kiesafdeling het stedelinge en plattelanders, Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, boere, delwers, mynwerkers, winkeliers, amptenare en spoorwegwerkers bevat. Die skerpsinnige waarneming van dié blad was dat al hierdie uiteenlopende belangegroepes dieselfde gevoel van afkeer van Smuts gekoester het.<sup>100</sup>

Struktureel en organisatories was die HNP ook veel beter as die VP toegerus om die Afrikaner te mobiliseer. A.W. Stadler het daarop gewys dat die HNP 'n party was wat populêre deelname aangemoedig het. Provinsiale kongresse het plaaslike aksie geïnstitusioneel deurdat mosies van individuele takke belangrikheid daar verkry het. Deur die inspraak wat hulle in hoër besluitneming verkry, het taklede ondervind dat hulle werklik deelneem aan die politiek, terwyl partyleiers terselfdertyd daardeur beter insig verkry het in menings op grondvlak.<sup>101</sup> Die HNP het nie soos die VP 'n lomp sentrale liggaam gehad nie en het oor 'n besonder doeltreffende plaaslike organisasienetwerk beskik. Daarbenewens het die party die dienste van formidabele betaalde organiseerders gehad. Die VP se skynbaar lustelose provinsiale komitees en plaaslike takke het in skerpe kontras hiermee gestaan.<sup>102</sup> Dat die HNP 'n beter organisasiesmasjien as die VP gehad het, ly geen twyfel nie, hoewel White se gevolgtrekking dat die VP die verkiesing as gevolg van swak organisasie verloor het, 'n ooreenvoudiging is.<sup>103</sup>

In geen geringe mate nie is die HNP ondersteun en versterk deur die Afrikaanse koerante van die Nasionale Pers en Voortrekkerpers.<sup>104</sup> Hierdie koerante was getroue, gesoute en invloedryke draers van die HNP-beleid<sup>105</sup> en die VP het geen

---

98. Vir 'n bespreking van die Ossewa-Brandwag se rol in die algemene verkiesings van 1943 en 1948, kyk L.M. Fourie, 'Mobilisering van die Afrikanerdom' in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom 1991), Hoofstuk 2.4 en 2.6.

99. Aangehaal in Stultz, *The electoral revival*, pp. 333-334.

100. *Die Burger*, 8 en 10-9-1945, aangehaal in J.J. Joubert, *Die Burger se rol in die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1934-1948* (Ongepubliseerde D.Litt et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1990), p. 308.

101. A.W. Stadler, 'The Afrikaner in opposition, 1910-1948', *Journal of Commonwealth Political Studies* 7(3), Nov. 1969, p. 211.

102. Hancock, *Smuts: The fields of force*, p. 498.

103. White, *The South African parliamentary opposition*, pp. 54-69, 461.

104. Vir 'n bespreking van *Die Burger* se aandeel in die groei van die Nasionale Party, sien J.J. Joubert, *Die Burger se rol in die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1934-1948* (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1990) en C.F.J. Muller, *Sonop in die suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (Kaapstad, 1990), veral hoofstuk 10, 14, 16, 19-24, 29-33; soortgelyke werke oor *Die Transvaler* se rol is Dioné Prinsloo, *Die Johannesburg-periode in dr. H.F. Verwoerd se loopbaan* (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, 1979) en Piet Meiring, *Die Transvaler - 50 jaar* (Johannesburg, 1987).

105. *Die Burger* het waarskynlik nie sy gelyke gehad wat betref die uitbuiting van die rassevraagstuk vir verkiesingsdoeleindes nie. Vgl. H.J. Lubbe, *Die Burger en die "swart gevaar"-propaganda gedurende die parlementêre verkiesingstryd van 1928 tot 1929* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1991).



noemenswaardige Afrikaanse mededingers in die veld gehad nie.

Verder is die HNP-AP-kombinasie ook deur die irritasie- of griewestem (wat dikwels ook as deel van die sogenaamde vlottende stem gereken word) bevoordeel. Wat dít betref, vertoon die algemene verkiesing van 1948 'n ooreenkoms met die verkiesing van 1924. In albei gevalle het ontevredenheid met die regering se hantering van landsvraagstukke 'n rol in die verkiesingstryd gespeel en het sommige van die vraagstukke uit die gevolge van die twee wêreldoorloë gespruit. Dit sou egter naïef wees om Smuts se neerlaag - soos dié van Churchill in 1945 - bloot aan die "oorlogsindroom" toe te skryf.

'n Aantal kiesers is waarskynlik wel deur akute irritasies, veral behuisingsprobleme en voedseltekorte, beïnvloed om in 1948 teen Smuts te stem. Lank na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog was hierdie tekorte steeds 'n bron van frustrasie, veral vir stedelike Suid-Afrikanners. Finansiële belange van blanke boere is geskaad deurdat die regering ingemeng het met die verbruikersbeheer oor pryse.<sup>106</sup> Selfs belangriker was die boere se ontevredenheid omdat die Smuts-regering nie 'n konstante toevoer van swart werkers vir die boerderysektor kon verseker nie.<sup>107</sup> Oud-soldate was in baie gevalle ontnugter met die behandeling wat hulle na die oorlog te beurt geval het; die regering se demobilisasieskema het groot verwagtinge gaande gemaak maar die uitvoering daarvan is deur onnodige rompslomp en onbuigsamheid belemmer.<sup>108</sup> Griewe van blanke werkers oor brood-en-botter aangeleenthede het waarskynlik ook 'n invloed in sommige kiesafdelings gehad. Solly Sachs was van mening dat Smuts waarskynlik ses setels op die Witwatersrand en moontlik nog ses in ander streke vir die VP kon beveilig het indien hy nie getalm het om loonsverhoging aan blanke mynwerkers toe te staan nie, die verteenwoordigers van die Trades and Labour Council dadelik ontmoet en 'n beter lewenskostetoelaag aan alle werkers toegestaan het.<sup>109</sup>

Daar is ook aanduidings dat die "kleurling"-kiesers in verskeie Bolandse kiesafdelings vir die HNP kon gestem het. Die feit dat die "kleurlinge" die stemreg in Kaapland gehad het, het nie noodwendig beteken dat hulle sosio-ekonomiese situasie daardeur verbeter sou word nie. Daarby het swart toestroming na die Kaapse Skiereiland en omgewing 'n bedreiging vir ongeskoolde "kleurling"-werkers ingehou. Waar die HNP openlik bekend gemaak het dat hy die "kleurling"-stemreg sou wegneem en die "kleurling" afsonderlike politieke verteenwoordiging sou gee, het hy ook onderneem om die maatskaplike en ekonomiese posisie van die "kleurlinge" te verbeter. Vir baie plattelandse "kleurlinge" kon dít moontlik swaarder geweeg het as stemreg. E.J.G. Janson het bereken dat indien 6,3 persent van die totale getal "kleurling-kiesers" in die kiesafdeling Paarl vir die HNP gestem het; 13,9 persent in Bredasdorp; 29,6 persent in Malmesbury; en 32 persent in Worcester, die "kleurling"-stem sou gesorg het dat die HNP die betrokke kiesafdelings wen. Al vier is in die verkiesing deur die HNP van die VP gebuit.<sup>110</sup>

Om op te som: die HNP was 'n groeiende party, wat toenemend steun van Afrikaners ontvang het; daarby is Afrikanereenheid in 1947 in 'n hoë mate verwesenlik met die HNP-AP-ooreenkoms. Die HNP-beleid het voorsiening gemaak vir feitlik alle groepe binne Afrikanergeledere. Omdat daar betreklik groot klasseverskille tussen Afrikaners in die dertiger- en veertigerjare bestaan het, het die HNP besef dat etniese mobilisasie nie voldoende was nie; daar sou ook na die materiële belange van die Afrikaner omgesien moes word. Deurdat daar so 'n noue verbintenis tussen die party en Afrikanerorganisasies soos die oorkoepelende AB en die Reddingsdaadbond was, het die HNP by die ekonomiese beweging van die dertiger- en veertigerjare gebaat.

---

106. Davenport, *South Africa*, pp. 353-357.

107. Kyk voetnoot 37 hierbo.

108. K.J. Gibbs, *Demobilisation after World War II: The process and politics of reinstating Union Defence Force Volunteers into civilian life, 1943-1948* (Ongepubliseerde Honneursartikel, Universiteit van Suid-Afrika, 1990), pp. 41-64.

109. Garment Workers Union, *Eba 3.6 Elections 1937-1955, 'Lessons of the general election'*, p. 4.

110. E.J.G. Janson, *Die Burger en die Kleurlingstem, 1943-1948* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1987), pp. 106, 124.

Die omvattendheid van HNP-beleid het apartheid ingesluit. Apartheid, gebou op die struktuur van segregasie, was egter duideliker gedefinieer en dié beleid het daarop aanspraak gemaak dat dit blanke belange sou beveilig en Afrikaneridentiteit beskerm.

Die Afrikaner wat op 26 Mei 1948 stembus toe is, het vir 'n omvattende Afrikaner-idee gaan stem - nie net vir apartheid nie. Hierdie idee was vir die Afrikanerkieser eenvoudig meer aanvaarbaar as die Smuts-Hofmeyr-idee wat huiwerig was om Afrikanerbelange spesifiek te dien, "sag" was op kommunisme en ander radikale bewegings, en nie bereid was om 'n dogmatiese rassebeleid te aanvaar nie. Vir baie Afrikaners was dié verkiesing die finale afrekening met Jan Smuts, wat in hulle oë slegs Britse belange gedien het en Suid-Afrika in dié proses in twee wêreldoorloë gedompel het. 'n Kieser wat aan die 1948-verkiesing deelgeneem het (in 1987 was sy 72 jaar oud), het dit treffend opgesom: "Daardie dae het ons feitlik aangeneem dat 'n Afrikaner moet 'n nasionalis wees en dit was ook baie so. Kyk hoe baie van ons plattelandse kiesafdelings was onbestrede. Die enkele Afrikaners hier by ons wat Sappe was kon op een hand getel word." En verder: "Jy weet daardie dae het baie Afrikaners nooit vir genl. Smuts vertrou nie, want daar was nog Jopie Fourie ens. en nou weer het hy ons deur 'n oorlog gesleep en met genl. Hertzog uit die prentjie het daardie mense weer teruggekom na die Nasionale Party."<sup>111</sup>

Bevoordeel deur herafbakening van kiesafdelings en die kiesstelsel, en met behulp van sy vernuftige propagandamasjien wat skynbaar ook die griewestem getrek het, het die HNP-AP in 1948 'n einde gemaak aan die VP-bewind. Vir diegene wat die verkiesing destyds meegemaak het, was dit gewis een van die grootste politieke verrassings sedert 1910.

---

111. Persoonlike mededeling per brief: Mev. S.S. van der Merwe, Sorgvliet, Steunmekaar - Skrywer, 24-8-1987.